dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

22 MEI 2019

Prediker 4:9-10: #Vriendskap
"Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie belonging vir hulle moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel."

Die ou mense het altyd gesê: "Kry vir jou 'n vriend wat sterker is as jy, sodat hy jou kan ophelp indien jy hoër moet opklim." Daarom skryf die Prediker in hoofstuk 4 vers 9: "Twee is beter as een…" Met ander woorde, hulle vorm 'n hegte band, 'n kameraadskap om daar te wees vir mekaar in goeie sowel as in minder goeie tye.

Die Woord verklaar dat: Hulle moeitevolle arbeid sal nie tevergeefs wees nie, want daar sal 'n beloning wees vir hulle volharding. Daarom moet ons goeie vriendskapsbande opbou vir die dag van nood. Spreuke 17:17 sê: "Die vriend het altyd lief, en die broer word gebore met die oog op die nood." In die dag van nood sal die vriend sy hulp aanbied."

Twee is beter as een, want as een dalk val, dan is die ander een daar om hom op te tel. Hoe tragies sal dit wees as daar niemand is wanneer jy val om jou op te help nie? Niemand moet hom op 'n eiland bevind nie, want Prediker 4:10b sê "…maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel."

Vrede / Shalom